# 16 November 2023 - Lesing 177 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Die drang van die geesvonk na die Gees van die Vader **–** 1/12/60

**NO: 7761** Die Gees in julle dring onophoudelik aan op die verbinding met die Gees van die Vader van ewigheid. Maar julle is nie altyd bewus van sy drang nie. Julle slaan nie altyd ag op die uitinge wat hy julle laat toekom nie. Julle skenk nie altyd aandag aan dit wat hy aan julle wil oorbring nie.

Maar hy is in julle. Elkeen dra die geesvonk in homself **as deel van die Gees van die Vader** en is gevolglik ook onafskeidbaar verbonde met die Gees van die Vader. En omdat die geesvonkie in julle rus, kan elke mens ook die weg na My gaan wie se deeltjie julle is. Want van binne af word julle gedring om die band met My te soek.

Maar julle sal die innerlike aandrang ook kan afweer en op My teenstander gerig bly, maar dan sal die Gees in julle **homself terugtrek**, dus op geen enkele manier dwingend op julle wil inwerk nie. En so is net julle wil beslissend vir die sukses of die mislukking van julle aardse bestaan. Die vrye wil is egter die teken van 'n goddelike verbondenheid. Dus moet dit vir die skepsels behoue bly, anders sou hulle vir ewig onvolmaak gebly het.

Dat die mens nou reg of verkeerd kan dink en wil, moet egter moontlik wees, **omdat hy 'n besluit moet neem in sy lewe op aarde.** En daar sal twee kragte op hom inwerk, wat dus probeer om sy denke en wil te beïnvloed. Maar hierdie twee kragte is verskillend. **Hulle staan teenoor mekaar**.

Ek en My teenstander probeer om die siel van die mens te wen en elke mag werk anders op die mens in. My teenstander probeer om die liggaam vir homself te wen, dus **om deur die liggaam die siel daartoe te bring** om te wil en te dink soos wat hy wil en dink, terwyl Ek **deur die Gees die siel probeer beïnvloed**. En die begeertes van Gees en liggaam is heel verskillend van aard.

Maar laat die siel haarself deur die Gees in haar oorreed wat sy moet wil en dink, dan behoort sy ook spoedig aan My. Want dan sal haar denke en wil korrek wees en wil dit sê: **Ooreenstem met My wil** - en die siel weer na die lig lei, na haar vroeëre volmaaktheid. Gee die siel egter toe aan die begeerte van haar liggaam, dan het My teenstander haar gewen. Want dan bly die wil en die gedagtes van My afgewend. **Sy gaan geheel op in die wil van My teenstander** en die siel sal nog vir ‘n eindelose lang tyd op 'n verre afstand van My bly.

En tog dra sy ook die geesvonk van My in haarself, maar sy belet hom elke uiting. Hy kan geen ingang vind nie. Sy luister nie na sy aandrang en wense nie, **maar vervul elke verlange van die liggaam**.

Hierdie siel is weliswaar ook met My verbonde, omdat haar bestaan ewiglik nie losgemaak kan word van My as die skeppende krag nie. Maar sy merk niks daarvan nie en **bevind haarself daarom in isolasie wat altyd 'n ongelukkige toestand is**. Sy bied My dan weerstand wat Ek nie met geweld breek nie, en verleng die toestand van verwydering van My weer vir ’n eindelose lang tyd.

Die siele wat daarenteen ag slaan op die uiting van die Gees, **kom steeds nader aan My**. En haar skeiding van My word spoedig opgehef, omdat die geesvonk nie rus totdat die vereniging met My voltrek is nie, omdat die Gees in die mens nou alleen die denke en wil van hom bepaal en dit nie anders as goed en reg kan wees nie. Want Ek Self is nou in jou werksaam en kan werk, omdat julle jul vroeëre weerstand self opgehef het en Ek nou weer ongehinderd My Liefdeskrag in julle kan laat binnestraal.

**Dus kan elke mens My vind**, omdat hy in homself 'n **Leier het** wat geen ander weg gaan as die na My nie. En sluit hy homself nou by hierdie Leier aan, dan sal hy ook gewaarborg wees om My bereik. Hy sal homself steeds inniger by My aansluit, want Ek Self trek hom aan deur die Gees wat in julle is, **omdat julle 'n deel van My is**. Amein.